# ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde Nuus



Foto: Stefan Els

## Graduandi *vier fees!*

***TeacherCalm*** **bied ondersteuning vir onderwysers**

***Akademiese sukses*** **is Onderwys Studentekomitee se visie**

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Februarie 2023




**Voorbladfoto deur Stefan Els**

**Graduandi (Desember 2022) op die voorbladfoto:**
Simbongile Sam
William Tashwill Hendricks
Marcel Adams
Amber de Wet
Danette Smith
Zamari Mhumbu
Lize-Mari Slabber
Yonela Mqwayi

# INHOUDSOPGAWE


Boodskap van die Visedekaan ........................4

Boodskap van die Redakteur ........................4

Graduandi vier fees ........................5

Boodskap van die Dekaan ........................7

PhD-toekennings ........................8

Uittredende OSK-voorsitter ........................9

Akademiese sukses is OSK se visie ........................9

Rektorstoekenning – Marcel Adams ........................10

Droom bewaarheid – Imram Bodalaji ........................10

Fakulteitsevaluering ........................11

*TeacherCalm*-inisiatief ........................12

Dosente van die jaar 2022 ........................13

Vise-Dekaan Navorsing tree af ........................14

Leer ken nuwe personeel ........................15

Vierdejaarsdans ........................17

Steunpilaar van SUNSEP groet ........................19

Broer en suster vier sáám ........................20

Gepubliseerde boeke ........................21

Dosent deel bevindings in Kenia ........................22

Opvoedkundige Sielkunde ........................23

Personeel ........................24

'n Student se ervaring ........................24










# VOORWOORD VAN DIE VISE-DEKAAN

***"Work in silence, and let success make the noise".***

*–Frank Ocean*

Ons is terdeë daarvan bewus dat baie kollegas harde werk agter die skerms lewer. Baie van u verkies om dit anoniem of onder die radar te doen. Tog is dit geen misdaad om soms erkenning te gee aan die harde werk wat gedoen word om die sukses van enige organisasie te vier nie.

Soms moet ons juis stilstaan en terugkyk na 'n jaar se harde werk en onsself afvra of al die harde werk die moeite werd was. Want om net hard te werk vir iets waarvoor niemand omgee nie, lei tot stres.

Dis onaangenaam en werk negatief in op jou eie werksvermoë maar ook op diegene rondom jou met wie jy op n daaglikse basis moet saamwerk.

Met hierdie nuusbrief, wil ons elke kollega in hierdie fakulteit uitnooi om jul harde werk met jou kollegas en ander wat, soos jy 'n passie het vir die onderwys, te deel.

Voorheen was hierdie nuusbrief slegs gefokus op een departement. Nou wil ons die lens selfs wyer gooi en op die hele fakulteit fokus.

Ons vertrou dat ons met elke uitgawe genoeg goeie stories sal hê wat ander sal inspireer en jouself sal motiveer om selfs harder te werk vir iets waarvoor ons lief is en waarvoor ons 'n passie het. So, deel jou storie en ons sal die geraas maak.



**Prof Michael le Cordeur**
**Visedekaan: Onderrig & Leer**
**Hoof: Ēducātiō**

# VAN DIE REDAKTEUR

## Hartlik welkom!

**Ēducātiō** (die Latynse woord vir opvoedkunde) is die amptelike nuusbrief van Fakulteit Opvoedkunde by Universiteit Stellenbosch. Ek hoop jy geniet hierdie eerste uitgawe en leer meer oor die fakulteit en sy wonderlike mense.

Mag 2023 jou beste verwagtinge oortref!

Kontak my asseblief met nuusgebeure by ***eels@sun.ac.za***
Hierdie uitgawe is aanlyn beskikbaar by ***https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education***.

**Elbie Els**
**Redakteur**



***Elbie Els*** *het 'n BBk-graad in Bedryfskommunikasie en het spesialiseer in Grafiese Ontwerp, Joernalistiek, Afrikaanse Taalpraktyk en Toegepaste Bedryfskommunikasie. Sy het ook 'n meestersgraad in Joernalistiek en het beide kwalifikasies aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, verwerf. Sy het waardevolle ondervinding in die mediabedryf en is passievol oor opvoedkunde en die impak daarvan op die jeug.*

# Graduandi *vier fees!*




Foto's: Stefan Els

## Meer as 500 opvoedkunde studente het op 9 Desember 2022 gegradueer.

Dit sluit studente in wat 'n Baccalaureus in die Opvoedkunde (BEd), honneurs-, magister- of doktorsgraad (PhD) en Nagraadse Onderwyssertifikaat ontvang het.

Gegradueerdes en gaste het die geleentheid ná afloop van die plegtigheid op 9 Desember 2022 by die Alumni-klubhuis (Die Stal) gevier. Prof Madiba (Dekaan) en prof Le Cordeur (Visedekaan: Onderrig en Leer) het die gegradueerdes gelukgewens.

Alumna Aimee Beerwinkel, wat in 2019 (BEd) en 2020 (HonsBEd) afgestudeer het en tans aan die Laerskool William Lloyd in die Paarl onderwys gee, het vertel van haar ondervindings as onderwyser.

Dosent Delecia Davids, wie se eerste eerstejaarsklas uit 2019 in 2022 gegradueer het, het in hulle vreugde gedeel.





*Prof Madiba*



*Prof le Cordeur*


MATIES
RUGBY
MATIES
BESOEKERS









# BOODSKAP VAN DIE DEKAAN

Gedurende 2022 het ons gesukkel om te herstel van die impak van die COVID-19-pandemie en dit was 'n uitdaging. Alhoewel die meeste van ons personeellede daarin geslaag het om terug kampus toe te kom, was die balansering van hibriede onderrig en persoonlike deelname nie altyd maklik nie. Ten spyte van die vele uitdagings het ons fakulteit baie vordering gemaak in die rigting van ons visie om 'n toonaangewende navorsingsintensiewe fakulteit opvoedkunde te wees wat nasionaal en wêreldwyd erken word as uitnemend, innoverend en inklusief.

## Fakulteit Opvoedkunde het met 150 plekke in die onderwysdissipline op die ***Times Higher Education World University Rankings 2022-2023*** opgeskuif.

Die grootste hoogtepunt van verlede jaar was ons vordering op die internasionale ranglys wat meegebring het dat ons fakulteit met 150 plekke in die onderwysdissipline op die *Times Higher Education World University Rankings 2022-2023* opgeskuif het. Dit het gemaak dat ons universiteit tweede in die land is. Dankie aan ons personeel vir hul volgehoue toewyding en harde werk wat hierdie prestasie moontlik gemaak het.

Ons fakulteit het ook die gehalteversekering-oorsigte suksesvol voltooi. Die voorlopige terugvoer wat tot dusver van die eksterne hersieningspanele ontvang is, is baie positief. Hierdie resensies sal ons help om ons fakulteit te herposisioneer in die veranderde nasionale en globale kontekste. Die fakulteit het ook 'n groot aantal studente se gradeplegtigheid aan die einde van 2022 gevier.

Dankie aan al ons personeellede vir hul harde werk en toewyding. In ooreenstemming met die universiteit se visie om die mees talentvolle personeel en studente te lok, het ons fakulteit verskeie nuwe personeelaanstellings gemaak. Hartlik welkom aan hierdie nuut-aangestelde kollegas.

- Prof Anthony Brown is as professor en voorsitter van die Departement Opvoedkundige Sielkunde aangestel.
- Prof Nhlanhla Mpofu is in die Departement Kurrikulumstudies aangestel.
- Binne die Fakulteit was daar twee nuwe aanstellings. Mev Carrren Thom is aangestel as Senior Administrateur in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, en Me Delicia Davids is aangestel in 'n NGap-pos as Leerwetenskappe, Ontwerp en Tegnologie-dosent.
- Verskeie kollegas is verlede jaar bevorder en 'n groot gelukwensing aan hulle. Dit sluit in dr. Michele van der Merwe wat bevorder is tot Medeprofessor-vlak, en drs. Kudzayi Tarisayi, Zelda Barends en Jeniffer Feldman wat tot Senior Lektorvlak bevorder is.

Ons fakulteit het ook goeie vordering gemaak m.b.t. internasionalisering. Verskeie MoU's is met universiteite in die Verenigde Koninkryk, Duitsland en België gesluit. Ons fakulteitslede het aktief bygedra tot verskeie wêreldwye onderwysinisiatiewe en het aan talle belangrike internasionale akademiese konferensies, akademiese uitruilings en samewerkingsaktiwiteite deelgeneem. As deel van internasionalisering het ek op 19-21 Oktober 2022 die *Global Education Deans' Forum* (GEDF) by Boston College, VSA bygewoon. Die GEDF is in 2018 gesamentlik deur ECNU en die Universiteit van Kansas inisieer. Die GEDF is 'n meganisme vir samewerking en dialoog vir die wêreld se onderwysleiers en om op verskeie globale uitdagings in onderwys te reageer.

Ons moes ongelukkig aan die einde van 2022 afskeid neem van ons Visedekaan van Navorsing, prof Christa van der Walt, wat afgetree het. Ons gaan haar mis, maar wens haar alle sterkte toe vir haar toekoms.



Ons fakulteit het 2022 baie sterk afgesluit en sal ook in 2023 daarmee voortgaan.

**Prof Mbulungeni Madiba**
**Dekaan**

## 'n Paar vrae aan Prof Madiba

### Watter aspekte van werk maak Prof gelukkig?

As professor geniet ek dit om 'n akademikus te wees. Dit is altyd opwindend om nuwe kennis te ontdek en om te sien hoe sulke kennis mense se lewens verbeter. Ek geniet ook my akademiese leierskapsrol aangesien dit my in staat stel om ander te dien en te bemagtig.

### Het Prof stokperdjies?

Ek is nie regtig 'n sportman nie. Ek geniet dit om na musiek te luister en oor naweke in die kerk te dien.

### Hoe balanseer Prof werk en persoonlike lewe?

Ek is 'n gesinsman met drie kinders en 'n skoondogter. Ek maak altyd seker dat ek tyd opsy sit om by die gesin te wees ten spyte van my gejaagde skedule.

# Dosent behaal PhD

Een van die dosente in die Fakulteit Opvoedkunde, dr Chrischar Rock, het haar PhD in Desember 2022 behaal. Haar PhD-proefskrif fokus op demokratiese burgerskapsopvoeding in Suid-Afrikaanse skole, met spesifieke klem op onderwysers se praktyke en perspektiewe in hierdie verband. Haar navorsing was 'n poging om die faktore wat die deelnemende onderwysers se pedagogiese praktyke in die uitvoer van demokratiese burgerskapsopvoeding beïnvloed, beter te verstaan.

*"Ek hoop dat hierdie navorsing ons in staat sal stel om 'n beter begrip van die verweefde aard van die onderwyser (self), die beroep en die praktyk vir die verwerkliking van demokratiese burgerskapsopvoeding in skole in Suid-Afrika te ontwikkel."*

As dosent wend sy haar wye internasionale onderrigervaring aan om tot die doeltreffende oordrag van praktiese leer by te dra en om studente vir hulle skoolgebaseerde prakties voor te berei. "Ek word daagliks aangespoor deur die suiwer energie en positiwiteit van my twee kinders. Ek is geesdriftig oor my werk. Ek hou van onderrig gee en om ons toekomstige onderwysers toe te rus om die reusetaak van die verbetering van onderwysuitkomste in ons land aan te pak."


Foto: Stefan Els

Dr Chrischar Rock

Dr Rock sien daarna uit om vanjaar artikels uit haar proefskrif te publiseer en haar heeltemal in haar akademiese werk te verdiep. Sy voeg by: "Die afgelope paar jaar was baie moeilik – met 'n PhD om af te handel terwyl jy twee klein kindertjies versorg, deeltyds werk en met 'n wêreldwye pandemie tussenin! Die nuwe jaar sal dus meer fokus op geleenthede vind om met ander akademici te skakel en saam te werk, en ook om net asem te skep."

Sy geniet klipskilderwerk en wandel in die natuur, en is ook 'n fynproewer, wat dit geniet om nuwe spesialiteitsgeregte en ander kookkunslekkernye in die Moederstad uit te toets.

# Sukses ten spyte van uitdagings

Kim Heynes het haar PhD in Desember 2022 verwerf. Sy vertel van die vele uitdagings op haar pad.

Daar word reeds twee dekades lank op komplekse wyse oor onderwyshervorming in die Suid-Afrikaanse konteks onderhandel. My PhD-studie ondersoek die opvoedkundige navigasiepraktyke van vyf laerskoolleerders in 'n landelike plaskonteks naby Stellenbosch.



Foto: Verskaf

Dr Kim Heynes

My grootste terugslag gedurende die afhandeling van my PhD was die heengaan van my pa tydens die Covid-19-pandemie. Ek was in die middel van die proses van data-insameling en proefskrif skryf, en dit moes alles onder Covid-omstandighede afgehandel word. Voor die dood van my pa, is ek en my seun ook gehospitaliseer en as gesin het ons baie gesukkel met die navigasie tussen hospitale. Omdat my pa my grootste ondersteuner met die proses was, het dit elke keer dat ek ná sy dood weer aan die proefskrif moes werk, die wond van voor af oopgemaak. Ek was dikwels in die posisie waar ek so opgewonde was om my jongste bevindings met my pa te deel, maar dan het die werklikheid ingetree en het ek besef dat hy nie meer daar was nie. Dit was 'n konstante emosionele stryd, en ek was dikwels so naby daaraan om moed op te gee. In die elf jaar waartydens ek gestudeer het (van voorgraads tot PhD), moes ek baie uitdagings trotseer en ek het heeltyd vir myself gesê, "Jy het nie só ver gekom om net sover te kom nie".

Met die hulp van God, my gesin en my promotors, prof Aslam Fataar en dr Jerome Joorst, het ek daarin geslaag om te volhard. Hulle het my deur elke uitdaging op my pad ondersteun en hulle het aanhou glo dat ek in staat was om my proefskrif na my beste vermoë af te handel. My seun, Liam, was my grootste aansporing. Ek wou vir hom wys dat jy enigiets kan bereik as jy jou daarop toelê. Ek glo dat harde werk en veerkragtigheid tot sukses lei. Moet nooit toelaat dat jou onmiddellike situasie of omstandighede jou eindbestemming bepaal nie.

# Uittredende OSK-voorsitter groet


Foto: Verskaf

My ervaring by die Fakulteit Opvoedkunde hierdie afgelope vier jaar was definitiewelik iets om te onthou. Ek het in 2019 ingestap as 'n baie onseker, bang, maar tog opgewonde eerstejaar. Deur my ondervinding as klasverteenwoordiger, mentor en drie jaar in die Opvoedkunde Studentekomitee (OSK) het ek geleer dat dit belangrik is om my drome voluit na te streef, nie bang te wees om my opinie te lug nie en altyd te veg vir wat reg is. Ek is ewig dankbaar teenoor die fakulteit wat vir my hierdie geleenthede gebied het. Ek stap nou uit as 'n trotse finalejaar student wat selfversekerd en reg is vir die pad wat voorlê. Ek het my passie vir die onderwys ten volle ontdek en ek sien daarna uit om alles wat ek in hierdie vier jaar geleer het in die klaskamer- en skoolkonteks toe te pas. Sonder die Fakulteit Opvoedkunde, die dosente en studente sou ek nie so toegerus gewees het soos ek wat vandag is nie. Ek het vertroue in my vermoë en kennis as grondslagfase-onderwyseres en ek kan nie wag om dit in my eie graad 2-klas by die Laerskool Worcester-Oos, waar ek 'n pos gekry het, te beoefen nie.

Ek sal altyd die fakulteit se naam hoog hou en met vreugde terugdink aan my ervaring op Stellenbosch. As ek dit alles weer kon doen, dan sou ek!

**Lize-Mari Slabber**

# **Akademiese sukses** is OSK se visie


Foto: The Curate Team

*"Vandag is jou geleentheid om die môre wat jy begeer, te bou."*
*- Ken Poirot*

As voorsitter van die OSK glo ek in spanwerk en werksetiek as die resep vir 'n suksesvolle termyn. Ek kan julle dus verseker dat 2022/2023 se OSK op niks ander sal fokus as om die verandering wat in ons fakulteit nodig is, raak te sien en uit te leef nie. Ek het volle vertroue en geloof in my span, en dit is my plig om voortaan seker te maak dat die komitee doeltreffend en doelmatig is. Ek kan getuig hoe belangrik studenteleierskap in ons kampusgemeenskap en die fakulteit as geheel is. Dit is geen maklike taak nie en kan nie ligtelik opgeneem word nie. As die OSK, deur die studente vir die studente verkies, streef ons daarna om te voldoen aan wat van studenteleiers in die verteenwoordiging van ons studentegemeenskap en die nakoming van ons grondwetlike pligte verwag word.

Met die nuwe leierskapstermyn reeds aan die gang, wil ek graag elke nuutverkose lid van die OSK erken en gelukwens. Ek glo dat hierdie termyn vrugbaar sal wees, dat ons sal saamwerk aan gedeelde doelwitte en mikpunte, en daarna sal streef om verandering aan te bring op gebiede waar dit nodig is. Ons het reeds die eerste strategiese konferensie (StratKon) ooit gereël en bygewoon, wat as leierskapsopleiding en voorbereiding vir ons komende termyn gedien het.

Dit is die visie van die OSK om 'n omgewing van akademiese sukses te skep deur die voorbeeld ten opsigte van professionele gedrag en akademiese uitnemendheid te stel, soos ingevolge ons grondwet. Ons sien ook die behoefte aan verbeterde betrokkenheid by en interaksie met die studentegemeenskap raak, terwyl ons regdeur ons termyn sal probeer om toeganklikheid, inklusiwiteit en aanspreeklikheid te verbeter. Ons beoog om die gaping tussen studente en personeel te oorbrug, en sal professionele verhoudings met fakulteitspersoneel handhaaf wanneer ons optree om studente te verteenwoordig.

Dit is die missie van die OSK om die akademiese, maatskaplike en professionele belange van alle studente deur toeganklike, toerekeningsvatbare en innoverende leierskap te dien, en om die vloei van inligting tussen studente, dosente, bestuursliggame, die universiteit en eksterne belanghebbers te fasiliteer. Die OSK beoog ook om deursigtig en toeganklik in die doeltreffende en eerlike hantering van studentesake te wees. Die komitee sien daarna uit om ons gemeenskap te dien en glo dat die komende termyn vrugbaar en suksesvol sal wees!

**Zoë-Grace Bennett**
**OSK-voorsitter**

# Rektorstoekenning vir ***sosiale impak***

Marcel Adams, 'n eerstegenerasie- tersiêre student uit Elsiesrivier, se kinder- en studentejare is gekenmerk deur uitdagings en trauma. Te midde van bendegeweld en met geweerskote wat rondom hom opgeklink het, moes hy tydens die pandemie by die huis studeer. Tog het hy in Desember 2022 sy Baccalaureus in Opvoedkunde (BEd) ontvang en ook twee maande vroeër die Rektorstoekenning vir Sosiale Impak. Hy vertel van die rol wat hy tydens sy studies by die Afdeling Sosiale Impak in die Fakulteit Opvoedkunde gespeel het.




*Prof Wim de Villiers (Rektor) en Marcel Adams*

Om 'n verskil te maak in ander se lewens was nog altyd my passie. Ek sien myself as 'n agent van maatskaplike verandering en dit is ook waarom ek gekies het om 'n onderwyser te word.

Ek was bevoorreg om vanaf my eerste jaar in die Opvoedkunde Studente komitee (OSK) te kon dien. In my eerste jaar (2019) het ek alreeds die Sosiale Impak-portefeulje bestuur. In my tweede jaar (2020) het ook hierdie portefeulje bestuur en dis toe dat ek die *'Beyond Education'*-span op die been gebring het. *'Beyond Education'* is 'n inisiatief wat aan opvoedkundestudente die geleentheid gee om maatskaplike kwessies in gemeenskappe fisies aan te pak. Dit sluit strandopruiming, skryfbehoefteveldtogte, skoolbesoeke, toebroodjiedae en nog baie ander projekte in. Gedurende die pandemie het ons werkboeke vir leerders opgestel om hulle akademies te stimuleer terwyl die skole gesluit was. Ons het ook maskers en handreiniger aan minderbevoorregte skole geskenk om te verseker dat die skool-omgewing veilig was vir leerders en onderwysers. As voorsitter van die OSK in 2020/2021, het ek gesorg dat hierdie komponent voortgesit word. Ek het ook in my finale jaar (2022) die Sosiale Impak-portefeulje bestuur. My hoop is dat die nuwe OSK-lede sal aanhou om uit te reik na gemeenskappe en instansies wat ondersteuning nodig het.

Ek sien die Rektorstoekenning as 'n eer en nie net as 'n toekenning nie. Ek dra hierdie toekenning op aan my ma omdat sy iemand is wat altyd bereid is om gemeenskapslede te help. Haar deur is altyd oop. Baie dankie ook aan elke student wat gedurende my tydperk in die OSK by *'Beyond Education'* betrokke was. Sonder hierdie studente se hulp sou niks moontlik gewees het nie. Laastens wil ek ook die Fakulteit Opvoedkunde bedank vir die platform wat aan my gegun was om my visie te implementeer.

# Vasberadenheid en uithouvermoë help dowe onderwyser sy droom bewaarheid




*Imram Bodalaji*

Tien jaar nadat hy gematrikuleer het, is Imran Bodalaji se droom verwesenlik om 'n onderwyser te word toe hy die verhoog oorgesteek het om sy BEd-graad te ontvang by die Universiteit Stellenbosch (US) se Desember-gradeplegtigheid in 2022. Hy is slegs die tweede dowe student om hierdie prestasie te behaal.

Nadat hy in 2012 matriek voltooi het, het hy 'n kursus in vroeëkinderjare-ontwikkeling (vlak 4) by die Nasionale Instituut vir Dowes se kollege voltooi. Hy het in 2014 by die Worcester-kampus van Boland-kollege ingeskryf om vlak 5 te voltooi. Danksy liplees en die ondersteuning van sy medestudente wat hulle klasaantekeninge vir hom geleen het,

(vervolg vanaf bladsy 10)

het hy vlak 5 geslaag. "Toe vind ek uit ek benodig 'n toepaslike onderwyskwalifikasie om as opvoeder te kwalifiseer, aangesien vlak 5 my slegs toegerus het om 'n crèche-opvoeder te wees. Ek het by verskeie universiteite aansoek gedoen om 'n BEd-graadkursus te volg, maar sonder sukses aangesien ek nie aan die vereistes voldoen het nie."

Maar Imran het geweier om sy droom prys te gee. Hy het in 2015 besluit om twee van sy skoolvakke te herhaal sodat hy aan die akademiese vereistes kon voldoen om vir 'n BEd-graad in te skryf. Hy het ook 'n kortkursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) by die US voltooi. "Ek het gehoop om eendag hier te kon studeer. Ek het op die Universiteit se webwerf gelees van die ondersteuning wat hulle bied, en het geweet dat Stellenbosch die beste in my behoeftes sou voorsien. In die tussentyd het ek tot aan die einde van 2016 as 'n klasassistent by De La Bat gewerk. Ek kon uiteindelik in 2017 by die Universiteit Stellenbosch inskryf."

Danksy die ondersteuning van die onderskeie Universiteitstrukture, was hy op pad om sy droom 'n werklikheid te maak. "Die Eenheid vir Gestremdhede en die Taalsentrum het individuele ondersteuning gebied deur vir my toegang tot twee SAGT-tolke te gee wat elke lesing en vergadering saam met my bygewoon het. Hulle het voor in die klas gestaan om die lesing te tolk en die werk aan my te verduidelik. Hulle het ook seker gemaak dat ek toegang tot leermateriaal kry. Ek voel die Universiteit het meer as genoeg langtermynbystand op 'n individuele grondslag gebied om die holistiese welstand van 'n Dowe student te verseker."

Teen die einde van 2021 het die nagevolge van die Covid-19-pandemie hom egter getref en het hy gesukkel om die laaste pylvak van sy graad te voltooi. "Ek was heeltemal uitgebrand en dit het gevoel of my droom buite my bereik was en die pad daarheen eenvoudig te lank. My uithouvermoë en veerkragtigheid is tot die uiterste beproef, maar ek het besluit om nie tou op te gooi nie.

"'n Mentor, dr Claudia Saunderson, is aan my toegewys. Sy het in my geglo en my ondersteun om my graad suksesvol te voltooi. Sy het my as mentor gehelp om 'n balans tussen my akademiese en persoonlike lewe te vind. Ek het nie verwag dat ek in my finale jaar so sou sukkel nie, maar het die uitdagings oorkom en ek glo dit het my sterker gemaak. Baie dankie aan almal wat my ondersteun het om hierdie mylpaal te bereik."

*–Sonika Lamprecht*
*(verkorte weergawe; volledig gepubliseer op www.sun.ac.za)*

# ***Fakulteitsevaluering*** suksesvol afgehandel




*'n Fakulteitsevaluering het in November 2022 plaasgevind. Die bevindings van die evaluering sal binnekort beskikbaar wees. Van links na regs: Dr Louise Botha, Prof Gawie du Toit (eksterne beoordelaar), Dr Sarina de Jager (eksterne beoordelaar), Prof Michael Le Cordeur (Visedekaan Leer & Onderrig) en Dr Celia Booyse (eksterne beoordelaar).*

# *TeacherCalm*-inisiatief ondersteun welstand van onderwysers



Foto: Freepik

Navorsing toon dat daar 'n oorweldigende behoefte aan steun vir die welstand van onderwysers bestaan. Uitdagings, stres en trauma is deel van hulle alledaagse lewe. Dit was die rede waarom die impakprojek, *TeacherCalm*, deur dr Elzahn Rinquest en 'n span by Fakulteit Opvoedkunde ontwikkel is.

*TeacherCalm* fokus op onderwysers en hulle welstand en skep 'n aanlyn gemeenskap ter ondersteuning van onderwysers. Dit is daarop gemik om 'n veilige ruimte vir onderwysers daar te stel en om 'n kultuur van geesteswelstand onder die Universiteit Stellenbosch se alumni, studente en onderwysers regoor Suid-Afrika en die wêreld voort te bring en in stand te hou.
Die inisiatief bied aan onderwysers gratis virtuele toegang tot alle hulpbronne en sluit ook greepuitsendings, video's, werk- en welwees-wegbreeksessies in. Onderwysers se interpersoonlike, kommunikasie- en organisatoriese vaardighede sal ook hierby baat.

Eerste- tot vierdejaar- BEd-studente (Baccalaureus in die Opvoedkunde) en alumni van die Fakulteit Opvoedkunde vorm deel van die eerste fase van die ontplooiing van die program. Skole in en om Stellenbosch sal by die tweede fase ingesluit word en die inisiatief het die potensiaal om landwyd te groei en uit te brei.

Vir meer inligting oor *TeacherCalm* of om betrokke te raak, kontak Dr Elzahn Rinquest per e-pos by *erinquest@sun.ac.za* of besoek *https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education.*

# Dosent van die jaar toekenning

Drie dosente deel die toekenning *Dosent van die jaar 2022*. Me Jana Nel, me Agatha Lebethe en mev Shannon Bishop-Swart vertel wat hierdie toekenning vir hulle beteken.

## Me Jana Nel:



**Wat beteken dit vir jou om as dosent van die jaar aangewys te word?**

Dit is 'n groot eer. Ek voel geseënd en geëerd om met die invloedryke persone, wat so 'n enorme impak op toekomstige geslagte het, saam te werk.

**Wat geniet jy die meeste omtrent jou werk?**

Beslis die onderrig. Ek hou daarvan om met die studente te werk en lesings te beplan. Ek weet ook dat navorsing baie belangrik is om seker te maak dat ek vir my studente op hoogte bly.

**Waardeur word jy aangespoor?**

Ek staan elke dag met 'n glimlag op om die werk te doen wat ek werklik liefhet en geniet: onderrig en om in die praktyk met studente saam te werk.

## Me Agatha Lebethe:



**Wat beteken dit vir jou om as dosent van die jaar aangewys te word?**

Die toekenning dien as bevestiging van wie ek as 'n wiskunde-opvoeder is, en van my waardes en oortuigings. Ek dink die studente sien my toewyding, verbintenis, konsekwentheid, liefde vir my vak en die feit dat ek op my gelukkigste in my pienk Converse-tekkies is, raak.

**Wat geniet jy die meeste omtrent jou werk?**

Eenvoudig gestel – die onderrig. Ek weet my studente is aanvanklik bangerig en selfs vreesbevange oor die vak. Soos hulle met die wiskunde-opvoeding werk en saamleef, kry 'n mens talle geleenthede om te sien hoe gemaklik hulle met die vak raak en begin om dit krities te ondersoek. Ek vind dit fassinerend.

**Waardeur word jy aangespoor?**

Ek word aangespoor deur my vasbeslotenheid om seker te maak dat my studente bevoegd en selfversekerd genoeg is om wiskunde in Suid-Afrika en die wêreld te onderrig. My studente is beslis daarvan bewus dat elke Suid-Afrikaanse kind 'n wiskunde-opvoeding verdien wat kognitief veeleisend is, begrip aanmoedig, hulle in staat stel om toegang tot veelvuldige strategieë en probleemoplossingsvaardighede te hê, wetend dat hulle oor 'n stem beskik wat in die wiskundeklas gehoor sal word.

## Mev Shannon Bishop-Swart:



**Wat beteken dit vir jou om as dosent van die jaar aangewys te word?**

Ek is baie ingenome daarmee en ook diep deur die ontvangs van hierdie toekenning geraak! Dit was 'n besonder moeilike jaar (2022) vir my, aangesien my moeder in Mei ná 'n lang siekbed oorlede is. Die ondersteuning, sorg en begrip van die studente en personeel in my daaglikse omgang met hulle, het my gemotiveer en besiel.

**Wat geniet jy die meeste omtrent jou werk?**

Die beste deel van my werk is die onderrig! Ek geniet die interaksie met studente, die besprekings wat ons in die klas het en om my geesdrif vir Engels, veral die letterkunde, oor te dra. As opvoeders bestee ons ure agter die skerms aan die voorbereiding van inhoud, die herontwerp van die kurrikulum, merkwerk, vergaderings bywoon en op e-posse reageer. Dit is egter die oordrag van hierdie inhoud wat ek geniet en ek hoop dat my studente, ons toekomstige opvoeders, hierdie genot kan sien.

**Waardeur word jy aangespoor?**

Ek is 'n lewenslange student, wat dit geniet om te reis en was gelukkig genoeg om van verskeie beurse en beursprogramme gebruik te kon maak om in baie verskillende lande te studeer en onderrig te gee. Om fisies die 'aha'-oomblik in studente se oë te kan sien, of terugvoer te kry oor wat vir hulle van hulp was, wat hulle geniet het en veral wat hulle tans besig is om te lees of graag wil lees, is my voortgesette motivering.

# Visedekaan Navorsing **tree af**




*Prof Christa van der Walt*

## Na 18 jaar by Fakulteit Opvoedkunde het prof Christa van der Walt amptelik gegroet. Sy was die Visedekaan Navorsing sedert 2021 en haar loopbaan sluit vele hoogtepunte in.

Prof Van der Walt het al op skool geweet dat sy, soos haar pa, 'n dosent wou word. Hy het Engels gedoseer en sy het altyd in tale belanggestel. Na 'n lang, baie suksesvolle loopbaan in tale is sy steeds baie lief vir wat sy doen. "Ek kry nog steeds elke dag mense so jammer wat ander soort werk as ek doen. Ek doen absoluut waarvoor ek lief is. Daar is nie 'n einde aan die interessante goeters wat gebeur en die ontwikkelings en publikasies wat verskyn nie." Sy erken dat dit nie altyd maklik was nie en dat dit 'n frustrasie is om 'n artikel te skryf, maar noem dat dit 'n geweldige kreatiewe proses is wat bevrediging bring.

*"Dis wonderlik as mens dit kan doen waarvoor jy lief is en dan betaal hulle jou ook nog daarvoor."*

Prof Van der Walt het met Engels en Frans as hoofvakke op universiteit begin. Daarna het 'n gewone honneurs in Engels gevolg. 'n Nuwe kursus, Toegepaste Taalkunde, is toe bekendgestel. "Ek wou meer in daardie rigting doen, maar ek het nie geweet waar gaan ek werk kry nie."

Toe sy haar eerste vaste werk gekry het en begin sien hoe dit wat sy gestudeer het, aangewend kon word, was dit vir haar wonderlik. "Ek het nooit gedink dit sal die onderwys wees waar ek dit wat ek wou doen, sou kon beoefen nie. My eerste vaste werk was om onderwysers in diens op te lei. Ek het nooit besef dat toegepaste taalkunde hierby gaan uitkom nie. 'n Mens plooi ook natuurlik jou werk. Dis wat wonderlik is van die akademie, – jy kan jou werk plooi om by jou navorsingsbelangstellings uit te kom."

Sy is oortuig daarvan dat haar man 'n baie belangrike rol in haar loopbaan gespeel het. "Hy het 'n baie duidelike idee gehad van waarheen hy wou werk en omdat hy in 'n ander fakulteit as ek was, as ek het ek moontlikhede gesien wat ander mense nie noodwending binne 'n opvoedkunde- of taalomgewing sou sien nie." Een hiervan was die Von Humbuld-toekenning wat meer op die natuurwetenskappe gemik is, maar ook enkele toekennings in die geesteswetenskappe maak. Haar man het daarvoor aansoek en so het sy ook besluit om aansoek te doen. Sy was toe suksesvol en kon in Duitsland gaan navorsing doen. "Hierdie toekenning het baie deure oopgemaak en vir my baie moontlikhede gebied."

"Miskien was dit my grootste geluk dat ek getroud was met iemand wat die uitdagings van my beroep verstaan het. Ons het saam gesit en skryf – hy aan sy proefskrif en ek aan my M. Ek dink ons het mekaar baie goed aangevul." Alhoewel sy jare lank hard gewerk het, was haar B-gradering by die NNS tog vir haar 'n groot en lekker verrassing.

Sy sê dat sy die struktuur van haar beroep die meeste gaan mis – die vergaderings en alles wat elke dag gedoen moes word. Sy sien wel daarna uit om haar eie roetine te skep en nie meer soveel verpligtings te hê nie. Prof Van der Walt gaan nog aan met haar nagraadse studente en sal wel soms hiervoor by die fakulteit wees. Sy sien daarna uit om te reis sonder dat sy 'n konferensie hoef by te woon en het verskeie projekte by haar huis wat sy wil aanpak. Sy wil ook graag skryf en oorweeg dit om fiksie te probeer. Die afgelope twee jaar het haar geleer dat planne nie so belangrik is nie en dat iets soos die pandemie al 'n mens se planne omver kan gooi. "Ek dink vir 'n rukkie is ek 'n bietjie moeg om planne te maak."

Sy sal graag wil sien dat Fakulteit Opvoedkunde in die toekoms meer mansstudente kry en dat die fakulteit meer betrokke raak by programme met skole; byvoorbeeld klasse op Saterdae om matrieks te help om vir die eksamen gereed te maak. Sy dink ook dat dit nodig is om skole te besoek en tyd daar te bestee om te sien wat die nuwe uitdagings in skole is, sodat beter hulpbronne aan studente gebied kan word.

# Leer ken **nuwe personeel**



### Professor Nhlanhla Mpofu

**Dosent in Engels**
**Departement Kurrikulumstudie**
**vanaf Januarie 2023**

**Wat was Prof se posisie in 2022 en wat het dit behels?**
Ek was die Adjunkdekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan Rhodes Universiteit. Hierdie rol het behels dat ek die Dekaan met die implementering en evaluering van die strategiese rigting van die fakulteit ten opsigte van onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid ondersteun, met besondere verwysing na die strategiese noodsaaklikhede van die universiteit. Ek was 'n medeprofessor in die Departement Sekondêre en Naskoolse Onderwys aan Rhodes Universiteit en was betrokke by onderwyseropleiding en die fasilitering van modules wat met taalonderrigmetodologie en geletterdhede in die Fakulteit Opvoedkunde verband hou. Ek het ook as studieleier/promotor vir MEd- (Magister in die Opvoedkunde) en PhD-studente (Doktor in die Wysbegeerte) opgetree. My en my studente se eie navorsing poog om die gaping tussen teorie en praktyk in die manier waarop Engels as tweede taal in verskillende vakgebiede in veeltalige ruimtes aangewen word, te oorbrug. Dit beteken dat ons daaraan werk om (i) ons begrip van Engels as onderrigtaal (EOT) in veeltalige ruimtes te problematiseer; (ii) nuwe taalonderrigmetodologieë te ontwikkel wat uit 'n kultuuronderhoudende onderrigmetodiek put en onderlê word deur die taalkundige vereistes van die vakgebied; en (iii) navorsing oor tweedetaalonderrig in veeltalige onderwysstelsels te heroriënteer.

**Waarom het Prof vir die posisie in die Fakulteit Opvoedkunde aan die US aansoek gedoen?**
Universiteit Stellenbosch beskik oor die hulpbronne en bied aan my die platform wat my in staat sal stel om na die volgende vlak op my akademiese reis aan te beweeg. Deur sy strategiese visie, poog die Fakulteit Opvoedkunde om oplossings te vind vir opvoedkundige sake wat tans in Suid-Afrika en die globale Suide van belang is. Hierdie fokus en myne is goed belyn, aangesien ek glo dat my navorsing en professionele ondervinding 'n stel teoretiese lense bied waardeur die narratiewe wat in die onderrigruimtes van Engels as taal uitspeel, prakties betwis kan word, en sterk teenstand teen die huidige enkeltalige diskoerse in die veld moontlik maak. Byvoorbeeld, my onderrig- en navorsingspraktyke daag albei die idee uit dat die tale en kulture wat deur studente met Engels as tweede taal na die klaskamer gebring word, agterstande is wat 'reggestel' moet word as hulle in die dominante praktyke vaardig wil wees. Ek beskou die studente se kulturele praktyke tuis en in hulle gemeenskappe as opvoedkundige hulpbronne wat gehuldig, verken en uitgebrei moet word om doeltreffende leerervarings te verseker. In ondersoek en onderrig is my wêreldbeskouing gegrond op 'n bategebaseerde benadering.

**Wat is Prof se visie en doelwitte vir 2023?**
My visie is om steeds 'n dinamiese, innoverende en skeppende akademikus te bly, wat verbind is tot navorsing, onderrig en lewenslange leer, terwyl ek plaaslike en internasionale medewerking probeer vestig. My tweede doelwit vir 2023 is om my toe te laat om die US-konteks en die diverse agtergronde van die studente, hulle vlakke van vertroudheid met die vakgebied en hulle vorige kennis te verstaan, ten einde 'n doeltreffende leeromgewing te fasiliteer. Derdens wil ek my internasionaliseringsprojek saam met kollegas van die Universiteit van Noord-Carolina-Wilmington en die Universiteit van Antwerp voortsit.

**Hoekom is onderwys in Suid-Afrika belangrik?**
Opvoeding is 'n belangrike werktuig om die verstand mee vry te stel. Vir my beteken dit dat studente met die werktuie toegerus word om hulle toekoms te herverbeel en die grense wat hulle potensiaal en werklikheid beperk, te verskuif.



### Dr Melanie Moen

Dr Moen is in 2022 as 'n senior dosent in opvoedkundige sielkunde aangestel. Voorheen was sy 'n medeprofessor in die Departement van Vroeë Kinderonderwys aan die Universiteit van Pretoria, en ook die koördineerder vir die honneursgraad in leerondersteuning. As deel van haar pligte was sy ook die promotor/studieleier vir verskeie magister- en PhD-studente.

**Waarom het Dr besluit om by die Fakulteit Opvoedkunde aan die US aan te sluit?**
Ek is 'n geregistreerde sielkundige en stel veral in sielkunde en psigopatologie belang. 'n Posisie in die Departement van Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch het my belangstellings dus beter gepas. Ek stel baie daarin belang om in die praktyk met studente en kliënte te werk. Ek het baie lank aan die Universiteit van Pretoria gestudeer en daar gewerk, en was gereed vir 'n nuwe uitdaging. Die US het 'n goeie akademiese reputasie en ek het die posisie dus met graagte aanvaar.

(vervolg vanaf bladsy 15)

**Hoe was Dr se ervaring van die eerste paar maande hier?**
Almal was baie vriendelik en het moeite gedoen om my te verwelkom. Die oorgang van een universiteit na 'n ander was moeilik, maar ek geniet die nuwe modules en die nuwe akademiese uitdagings.

**Wat is Dr se visie en doelwitte vir 2023?**
Ek wil graag daaraan werk om samewerkende verhoudings met kollegas in ander departemente en by ander nasionale en internasionale universiteite te vestig. Ek wil ook graag in 2023 die grondslag lê vir my navorsingsprojek oor deernisvolle versorging.

**Waar het Dr studeer en watter kwalifikasies het Dr behaal?**
Ek het al my grade aan die Universiteit van Pretoria behaal. Ek beskik oor 'n graad in junior primêre onderwys, 'n honneurs in remediërende onderwys, 'n honneurs in opvoedkundige sielkunde, 'n meesters in opvoedkundige sielkunde en 'n PhD in opvoedkundige sielkunde (BEd [Junior Primêr], HonsBEd [Remediërende Onderwys], HonsBEd [Opvoedkundige Sielkunde], MEdPsig, PhD [Opvoedkundige Sielkunde]).

**Wat is Dr se stokperdjies?**
Ek skilder met olieverf, neem klasse in juweliersware maak en stap graag.

Dr Moen het onlangs 'n artikel oor kindermoord gepubliseer en is deur East Coast Radio, Newzroom Afrika (TV), RSG, die Sunday Times, 702 en Heart FM genooi om onderhoude oor hierdie onderwerp te voer.

*https://www.news24.com/news24/southafrica/news/when-parents-kill-their-own-children-study-zooms-in-on-revenge-filicide-20221129*

# Professor van Universiteit Johannesburg ***aangestel as voorsitter*** in die Departement Opvoedkundige Sielkunde

Prof Anthony Brown is die nuutaangestelde voorsitter en professor in die Departement Opvoedkundige Sielkunde. Sy vorige pos was by die Universiteit van Johannesburg as hoof van die Departement Opvoedkundige Sielkunde.


Foto: Elbie Els

*Prof Anthony Brown*

Hy het sy professionele kwalifikasies aan die Universiteit van Namibië, Leeds Universiteit en Birmingham Universiteit in die Verenigde Koninkryk verwerf. Prof Brown se akademiese loopbaan in hoëronderwys strek oor twee dekades by verskeie instellings, onder andere, Noordwes-Universiteit en Universiteit van Namibië.

Sy navorsingsfokus is op kritiese inklusiwiteit en sosiale geregtigheidsopvoeding met 'n spesifieke belangstelling in skooljeug met uiteenlopende seksuele oriëntasies en geslagsidentiteite. Hy het wyd op hierdie gebied gepubliseer en talle meesters- en doktorale studente gelei. Prof Brown werk ook nou saam met die Departement van Onderwys waar hy kurrikulums, beleide en riglyne ontwikkel wat reageer op kinders met uiteenlopende seksuele oriëntasies en geslagsidentiteite.

Prof Brown hoop om navorsing en publikasies binne sy nuwe posisie te versterk, asook om verskeie kortleerprogramme te ontwikkel wat sosiale impak kan hê op kwesbare leerdergemeenskappe in en om die Wes-Kaap provinsie.

# Vierdejaars sluit 2022 met 'n ***danspassie*** af

Die vierdejaarsdans is deur die Opvoedkunde Studentekomitee (OSK) ingestel om die prestasies van studente in hulle laaste jaar vier. Die dans is op 18 November 2022 by Rusticana in Klapmuts gehou en is deur Nerisha Jagwanth, die portefeuljehouer vir geleenthede vir 2021/2022, gereël. Dit was 'n formele geleentheid met die tema ''n Sterrenag'. Dit was die eerste dans sedert die Covid-19-pandemie en was 'n groot sukses.



Foto's: Apollo DJ







*Vierdejaarsdans vervolg...*











# SUNSEP-steunpilaar groet

Sy het die Kaap-provinsie platgereis vir haar werk. En of sy nou op Calvinia, Kathu of Gansbaai beland het, Danelda van Graan het die belewenis terdeë geniet. Ná 'n uitdagende jaar waarin sy met borskanker diagnoseer is, behandelings ondergaan het en nou in remissie is, het sy besluit om halt te roep en rustig te dink oor wat sy volgende wil doen.

Van Graan het in 2009 by die destydse Instituut vir Wiskunde- en Wetenskap-Onderrig van die Universiteit Stellenbosch (IWWOUS) as 'n Fisiese Wetenskappe-fasiliteerder by die SciMathUS-span aangesluit. "Dit was vir my baie bevredigend, aangesien daardie studente vasbeslote was om 'n sukses van die tweede kans te maak. Baie van die studente het in hul 12 jaar op skool glad nie 'n laboratorium gesien nie en dit was vir my die grootste eer om vir hulle hierdie ervaring te kon laat beleef."

In 2014 is sy na die Voortgesette Professionele Ontwikkeling-komponent (vir onderwysers) van die nuutgevormde, SUNSEP (Universiteit Stellenbosch se Sentrum vir Pedagogie), oorgeplaas. Sy het steeds as 'n Fisiese Wetenskappe-fasiliteerder opgetree en het saam met ander kollegas materiaal ontwerp en werkswinkels vir verskeie groepe onderwysers in die Wes- en Noord-Kaap aangebied. Hierdie werkswinkels het 'n mentorgedeelte ingesluit en sy moes onderwysers van Ashton tot Piketberg en Gansbaai by hul skole besoek om leiding te gee.

SUNSEP het in hierdie tyd voorbereidingswerk gedoen om die kursusse vir die Onderwyssertifikaat kursusse te registreer en Van Graan was verantwoordelik vir die materiaal-ontwerp van die inhoudsmodules vir Fisiese Wetenskappe en deels vir Natuurwetenskappe. Die materiaal het ook interaktiewe elektroniese materiaal ingesluit.

Sy het sedert 2018 die leerderverrykingskomponent by SUNSEP bestuur. Dit het behels dat sy skoolgebaseerde projekte vir leerders bestuur en ontplooi het. Hierdie projekte is uitgevoer op versoek van besighede of individue wat graag hul gemeenskappe wou ondersteun. Hierdie tydperk het ook die Covid-19-pandemie ingesluit en SUNSEP moes groot aanpassings maak om nog steeds leerders te kon ondersteun. Van Graan moes hier 'n span lei om leermateriaal vir 'n aanlynplatform te ontwikkel en die aanlynplatform te bestuur.



Danelda van Graan

Nog 'n hoogtepunt was die werk wat sy gelei het in 'n kluster van ses primêre plaasskole in die Breederiviervallei. Hierdie projek het gefokus op die versterking van e-leer om te verseker dat die leerders van daardie area gelyke geleenthede sal kan hê soos die wêreld meer en meer tegnologies bedryf word.

*"Wat ek die meeste geniet het van my werk was om my vakgebied aan ander bekend te stel en te ontsluit. Dit het my altyd baie bevrediging gebring en SUNSEP het my hierdie geleentheid in meer as een vorm gebied!"*

Sy het ook die reise na verskeie plekke in die Noord-Kaap, onder andere Calvinia, Port Nolloth, Springbok, Kimberley en Kathu baie geniet. "Dit is plekke wat ek andersins nooit uit eie keuse sou besoek het nie en dit was lekker om hierdie plekke te beleef. Die spanne met wie ek saamgewerk het was 'n fees. Al die fasiliteerders by SUNSEP is passievol oor opvoeding." Nog 'n hoogtepunt was dat Van Graan haar meestersgraad in 2020 verwerf het.

Van Graan is Desember 2021 met borskanker gediagnoseer. "My geloof het my egter die vrede gegee wat ek veral in so 'n jaar nodig gehad het. Die bestuur het my toegelaat om van die huis af te werk en die leerverrykingspan het uit hulle pad gegaan om my te ondersteun. Ek sal hulle altyd dankbaar wees." Haar behandelingsprogram het tot September 2022 geduur en die kanker is tans in remissie.

Uit haar ervaring by SUNSEP, waar sy van een komponent na die ander beweeg het, het sy geleer dat verandering 'n mens se wêreld oopstel en verbreed en dat 'n mens só groei. "Onthou ook dat jy omring is met mense wat graag sal help. Voel vry om vir hulp te vra as jy vasdraai of nie weet nie."

# Broer en suster vier *sáám* na jare se swaarkry

Ná jare van uiterste uitdagings, het die sibbe Chezlyn en Lyle Wyngaardt op 9 Desember 2022 saam gegradueer.

Dit was nie maklik om elke oggend 03:30 op te staan om die trein van Simonstad na Kaapstad om 04:25 en dan die trein na Stellenbosch om 06:30 te haal om betyds vir klasse om 08:00 te wees nie.

Finansies was altyd 'n struikelblok vir hierdie gesin van vyf sibbe, met 'n pa in die vloot en 'n ma wat onderwys gegee het. Daarom het Chezlyn besluit om ná skool 'n rusjaar te neem, geld te verdien en meer oor finansiële hulp vir studies uit te vind. Sy het nooit aan onderwys as 'n loopbaan gedink nie, maar terwyl sy as assistent in die grondslagfase van haar ou skool gewerk het, het sy ontdek dat sy graag 'n grondslagfase-onderwyser wou wees. Sy wou altyd deel van Universiteit Stellenbosch wees, het aansoek gedoen en is aanvaar. Halfpad deur haar eerste jaar het sy swanger geraak en moes haar tyd tussen haar baba en haar studies verdeel, terwyl sy daagliks lang ure moes pendel. Sy het saans teen ongeveer 20:00 tuis gekom (nadat sy om 03:30 reeds op was) en moes dan opdragte afhandel en haar baba versorg, al was sy baie moeg. "Daar was tye dat ek wou moed opgee, maar ek het geweet dat ek moes deurdruk, nie slegs vir my kind nie, maar ook omdat ek nie 'n tou-opgooier is nie."

Die hoogtepunte van haar studentejare was die ontvangs van 'n beurs, en die vreugde en trots op haar gesin se gesigte toe sy haar studies afgehandel het.

*"Moet nooit opgee nie. Moenie toelaat dat jou omstandighede of uitdagings bepaal wie jy is nie. Moenie dat flaters veroorsaak dat jy jou drome opgee nie."*

Sy was hardwerkend en pligsgetrou, en vasbeslote om haar studies af te handel en nie die slagoffer van haar omstandighede te wees nie. "Jy kan droom oor goed vir jouself, maar gaan jy net daaroor droom of gaan jy doelwitte stel en daaraan werk?"

Lyle het daarvan gedroom om beroepsrugby te speel, maar in matriek het hy 'n ernstige besering opgedoen. Hy het 'n paar maande lank gewerk om te probeer spaar om sportwetenskap te gaan studeer. Sy ma het hom aangemoedig om vir 'n graad in opvoedkunde aansoek te doen. Sy aansoek vir albei programme was geslaagd, maar daar was 'n beurs aan die opvoedkundeprogram verbonde




Chezlyn en Lyle Wyngaardt


en hy het hierdie opsie gekies. Lyle en Chezlyn het Funza Lushaka-beurse ontvang. "Dit was 'n seëning waarvoor ek tot vandag toe nog uiters dankbaar is, omdat dit die finansiële las op my ouers verlig het," sê Lyle. Later in sy studiejare, toe hy uiteindelik sy eie motor kon kry, is die motor gesteel en was hy platgeslaan. In 2021 was Lyle in 'n ernstige motorongeluk betrokke en was hy gelukkig genoeg om slegs met skrape daarvan weg te stap. "Glaskas en die praktiese deel van my studies het bewys dat ek in die regte beroep is," sê Lyle.


*"Ja, dit kan met tye baie veeleisend wees, maar daar is geen groter beloning as om jong harte en verstande te inspireer nie."*


Hy is veral dankbaar vir twee personeellede in die fakulteit. "Me Lorraine van As was soos 'n moeder vir my en Chezlyn en prof Maureen Robinson het 'n reuse aandeel daaraan gehad om ons tot op hierdie punt te bring." Lyle put veral inspirasie uit 'n aanhaling wat aan die Brasiliaanse sokkerspeler, Pelé, toegeskryf word: "Sukses is geen ongeluk nie. Dit is harde werk, deursettingsvermoë, leer, studeer, opoffering en bo alles, liefde vir wat jy doen of leer om te doen." Hy glo dat 'n mens altyd moet streef na sukses met alles wat jy doen, en hard moet werk. "Jy kan óf van teenspoed af weghardloop, óf daaruit leer. Ek het gevind dat meer groei plaasvind in die moeilike tye as wanneer alles vlot verloop." Betekenisvolle verhoudings met eendersdenkende persone en om dankbaar en nederig te bly, is vir hom belangrik.


# Opvoedkunde personeel spog met talle **gepubliseerde boeke** tydens 2022


Verskeie boeke waarvan Fakulteit Opvoedkunde personeel outeurs was, is gedurende 2022 publiseer. Gelukwensings aan Prof Nuraan Davids, Prof Michael Le Cordeur, Prof Yusuf Waghid, Dr Jennifer Feldman, Prof Aslam Fataar en Prof Christa van der Walt.

















# Dosent deel bevindings in Kenia



Foto: Verskaf

In Mei 2022 het Delecia Davids die Mandela Rhodes-stigting (MRS) en die Universiteit Stellenbosch (US) by die *East and Southern Africa Youth Knowledge Seminar on Youth not in Employment, Education and Training* (Oos- en Suider-Afrikaanse jeug se kennisseminaar oor jeug wat nie werk, studeer, of opleiding ontvang nie), in Nairobi, Kenia, verteenwoordig.

Jong vroue in Oos- en Suider-Afrika (OSA) vorm 'n buite verhouding groot proporsie van die NEET-bevolking (NEET – 'not in employment, education and training'). Vroeë skoolverlating, vroeg trou, help met bestaansboerdery, onbetaalde huiswerk, die versorging van familielede en minder geleenthede vir die aanvaarding van werk wat as ontoepaslik of onveilig vir jong vroue beskou kan word, dra alles tot die NEET-status van jong vroue by. Die seminaar het 25 deelnemers byeengebring, waaronder jong mense, entiteite van die Verenigde Nasies (VN), die akademie, burgerlike organisasies, nasionale statistiekkantore, skenkers en ander belanghebbers, om 'n onlangse kwantitatiewe studie wat deur VN Vroue aangevra is en wat oor die stand van NEET in nege lande verslag gedoen het, te bespreek.

Davids is genooi om die bevindings en aanbevelings uit die studie wat hulle in 2021 as deel van die Mandela Rhodes-stigting se tweedejaarsprogram uitgevoer het, namens haar span aan te bied. "Ons het met ons VN Vroue-adviseur saamgewerk om die statistiese data wat hulle oor elke land ingevorder het, aan te wend om 'n ingryping te ontwerp wat die NEET-bevolking in die gebied van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) sou verklein. Ons het individue wat as NEET geklassifiseer word in elke land geïdentifiseer en onderhoude met hulle gevoer om hulle perspektiewe en probleme te probeer verstaan. Op grond van hierdie jongmense se verhale, het ons met Projek Phakama vorendag gekom. Phakama, wat 'om op te staan' beteken, is 'n ingryping volgens die model van nasionale burgerlike jeugdienste, wat veelvuldige bane skep om terug te keer na onderwys, om alternatiewe opleidingsgeleenthede te skep, of werkskepping in die SAOG-lande te innoveer. Omdat ons uit verskillende vakgebiede, soos die regte, wetenskap, onderwys en ekonomie kom, was dit belangrik om 'n interdissiplinêre oplossing vir die aanpak van die NEET-kwessie te vind. Ons oplossing spreek tot nasionale beleid en stel praktiese, programmatiese elemente voor, wat binne weke deur enige land in werking gestel kan word," sê Delecia oor die projek.

*"As 'n opkomende akademikus op die gebied van opvoedkunde, was hierdie ervaring integraal tot my siening van die uitvoer van navorsing vir impak."*

"Wanneer ons oor vakgebiede heen met grondvlak-organisasies en met die burgerlike samelewing meewerk, kan ons werklike, diepgaande verandering in gemeenskappe teweeg bring. Die kennis wat ons by hoëronderwysinstellings voortbring, moet ten alle koste die mense bereik wat daardeur gedien moet word. Dit gebeur nie altyd deur middel van 'n vaktydskrifartikel agter 'n betaalmuur nie. Impak gebeur wanneer ons hande vat, ons belange verbind, en ons verskillende perspektiewe gebruik om die werk te doen."

Davids, voorheen 'n deeltydse dosent, is met ingang van 1 Januarie 2023 as voltydse dosent aangestel.

# Opvoedkundige sielkundige studente aangemoedig om die ***samelewing te dien***

Na 'n baie mededingende keuringsproses met byna 200 aansoeke, is twaalf studente vir die MEd Opvoedkundige Sielkundige-program by Fakulteit Opvoedkunde gekeur. Hierdie meestersgraad kwalifikasie in opvoedkundige sielkunde (MEdPsig) word aangebied aan studente wat as Opvoedkundige Sielkundiges wil kwalifiseer. Universiteit Stellenbosch (US) is die enigste tersiêre instelling in die Wes-Kaap wat opvoedkundige sielkundiges oplei.

Prof Deresh Ramjugernath (Visekanselier Leer & Onderrig aan die US) het op 18 Januarie 2023 die oriënteringsvergadering met die geselekteerde groep studente bygewoon. Hy het waardering gekry vir opvoedkundige sielkundiges gedurende die afgelope twee jaar van die COVID-19-pandemie toe baie studente gesukkel het met geestesgesondheidskwessies. Volgens Ramjugernath is daar 'n behoefte en aanvraag na opvoedkundige sielkundiges. Hy het die studente aangemoedig om die kennis wat hulle in hierdie program opdoen, te gebruik om terug te gee aan die land en om in diens van die samelewing te wees.




*Die twaalf uitverkose studente saam met Prof Deresh Ramjugernath.* ***Agter:*** *Rikus van Zyl en Helani Blom* ***Middel:*** *Fatima Parker, Louise Hüsselmann, Anna-Mari Tesselaar, Leoné Swart, Janine Tyaliti, Udine Machelm, Nompumelelo Nkumane, Lené Rossouw* ***Voor:*** *Gaylynne Ockhuis, Nomfundo Khumalo, Prof Deresh Ramjugernath*

Dr Karlien Conradie is verantwoordelik vir die koördinering van die MEdPsig-program en is ook 'n dosent in die Departement Opvoedkundige Sielkunde. "Dit is 'n geskiedkundige oomblik vir ons, aangesien dit die eerste keer in baie jare sal wees dat ons 'n werklik sosio-kulturele diverse groep MEd Psig-studente kon kies," het Conradie gesê. Die keuringsproses het in September 2022 plaasgevind. Daar was byna 200 aansoeke en slegs twaalf studente kan die program bywoon.

Die MEd Opvoedkundige Sielkundige-program het ten doel om studente beide professioneel en akademies te ontwikkel en is deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) geakkrediteer. Die primêre doel van hierdie program is om geregistreerde Opvoedkundige Sielkundiges op te lei. Die program is so gestruktureer dat die bevoegdhede, in ooreenstemming met wat opvoedkundige sielkundiges benodig binne die konteks van 'n transformerende Suid-Afrika, ontwikkel word.




*Die M. Ed. Psig seleksie paneel. Van links na regs: Drs. Lynne Damons, Carmelita Jacobs, Karlien Conradie, Melanie Moen en Dr Rubina Setlhare-Kagee van UWK*

# Personeel in ***ligte luim*** by afsluiting




*Prof Madiba (dekaan) en personeel van Fakulteit Opvoedkunde het 2022 by 'n vrolike geleentheid in Desember afgesluit.*

# Dit bly lekker om ***'juffrou'*** genoem te word




Dit bly maar lekker om 'juffrou' genoem te word. En dit sal seker altyd goed voel.

Die afgelope vier jaar aan die Universiteit Stellenbosch het my in staat gestel om myself ten volle as 'n onderwyser en 'n mens te vind. My studente-ervaring was die beste, ek het lewenslange vriende gemaak, en 'n goeie professionele netwerk gevestig. Moet my egter nie misverstaan nie, hierdie vier jaar was 'n uitdaging – van die een opdrag na die ander, groepprojekte en 3 000-woord-opstelle na die talle kere se sit en wag vir die *Turnitin*-persentasie om te verskyn. Maar dit was alles die moeite werd.

Die afgelope vier jaar het my geleer hoe om die beste moontlike leerkrag te wees en het aan my die selfvertroue gegee om my vlerke te sprei, myself bloot te stel en op nuwe maniere te toets, wat my wesenlik verander het.

Die volgende stap op my reis is die afhandeling van my honneurs in spesiale onderwys. Ek het verskeie vaardighede en ondervindings tydens die onderwysprakties bekom, wat ek altyd sal behou.

Ek is opgewonde oor die feit dat ek uiteindelik my BEd behaal het en selfs meer opgewonde oor wat die toekoms mag inhou.

**Ilana Botha**
**Vierdejaar Graduandi 2022**